

Maandag 4 September

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30; Johannes 15:1-6

Fokusgedeelte: Matteus 26:26, 28; HK Sondag 29, Vraag 78

Christus se teenwoordigheid in die nagmaal – 1

Die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) se nagmaalsbeskouing kom daarop neer dat die brood en die wyn by die nagmaal verander sodat dit die werklike liggaam en bloed van Christus word. Dit gebeur sodra die priester die konsekrasiewoorde (Dit is my liggaam ... ens.) uitspreek. Die brood en die wyn behou dan nog hulle uiterlike kenmerke, maar in wese verander dit in die liggaam en bloed van Christus. Om dié rede mag die lidmate nie self die nagmaalsbrood neem en eet nie, maar die priester plaas dit op die tong van die lidmaat, terwyl hy 'n bakkie onder sy/haar mond hou sodat daar nie 'n "krum-meltjie" van Christus se liggaam op die grond val en verlore gaan nie. Die lidmate drink ook self geen wyn by die nagmaal nie, omdat daar geredeneer word dat daar in die stukkie liggaam van Christus wat hulle eet, wel 'n bietjie bloed teenwoordig is en dit is genoeg.

Die RKK baseer hulle siening veral op die woorde van Christus by die instelling van die nagmaal: "Neem, eet; dit *is* my liggaam" (Matt. 26:26). En: "Drink almal daaruit, want dit *is* my bloed" (Matt. 26:28). Die woord "is" moet hier volgens hulle letterlik opgevat word.

Dat Christus nie bedoel het dat die wyn werklik in sy bloed verander nie, blyk daaruit dat Hy, nadat Hy die nagmaal ingestel het, aan sy dissipels gesê het: "Van nou af sal Ek nie meer van *hierdie* wyn drink nie ..." (Matt. 26:29). Ná die instelling van die nagmaal praat Christus nog van die wyn as wyn en nie asof dit bloed is nie. Logies maak die siening van die RKK ook nie sin nie. Christus was immers persoonlik, na liggaam en bloed, daar langs die tafel toe Hy die nagmaal ingestel het. Hoe kan Hy dan ewe skielik op twee plekke wees: langs die tafel, maar ook in die brood en beker?

Daar is talle voorbeelde in die Skrif wat toon dat die woord "is" nie altyd 'n letterlike betekenis het nie, maar 'n figuurlike of simboliese betekenis. Dink maar aan uitsprake soos die volgende: "Ek *is* die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6). "Ek *is* die wingerdstok, julle die lote" (Joh. 15:5). Verder: "Die rots *was* Christus" (1 Kor. 10:4; vgl. Eks. 17:6).

Hieruit is dit duidelik dat die woord "is" by die instelling van die nagmaal nie letterlik bedoel is nie, maar as simboliese of sakramentele tekentaal verstaan moet word.

Verder sê die RKK wel dat die doopwater bonatuurlike krag besit, maar nêrens dat dit in die bloed van Christus verander nie. Dit dui op 'n onaanvaar-bare inkonsekwensie in vergelyking met hulle leer oor die nagmaal.

In die lig hiervan moet die RKK se siening oor die nagmaal afgewys word.